

HOOFSTUK 21: STREKE

1. INLEIDING

- 1.1 Die Grondwet magtig 'n Oordbestuur om Voortrekkerkommandos van die oord in streke te groepeer nadat met die betrokke Gebiedsdagbestuur oorleg gepleeg is, indien dit na die mening van die betrokke Oordbestuur nodig is vir die goeie funksionering van daardie oord.
- 1.2 Die gesagsveld van 'n streek is beperk tot die lede van die Voortrekkerkommandos, Veldkornetskappe los van Voortrekkerkommandos, Staatmakergroepe en los spanne wat onder die betrokke streek ressorteer.

2. ALGEMENE BEPALINGS

- 2.1 'n Streek is 'n opsionele organisasie-element op die derde bestuursvlak van *Die Voortrekkers*.
- 2.2 'n *Streekbestuur* en 'n *Streekdagbestuur* is nie bestuursliggame nie.

3. ORGANISASIE, MAGTE EN PLIGTE VAN 'N STREEK

- 3.1 Waar 'n Oordbestuur Voortrekkerkommandos in streke groepeer bepaal die betrokke Oordbestuur die organisasie, magte en pligte van sodanige streke in oorleg met die betrokke Gebiedsbestuur.
- 3.2 'n Oordbestuur kan enige groeperings van Voortrekkerkommandos in streke te eniger tyd wysig of herroep na oorlegpleging met die betrokke Gebiedsbestuur.
- 3.3 'n Oordbestuur kan te eniger tyd die organisasie, magte en pligte van streke in sy gesagsgebied in oorleg met die betrokke Gebiedsbestuur wysig of herroep.
- 3.4 Die Streekbestuur kan 'n Streekdagbestuur aanwys wat bestaan uit 'n Streekleier en Adjunkstreekleier(s).
- 3.5 Slegs die Streekleier dra rangkenteken om sy posisie aan te dui, naamlik een (1) rooi kompas.

4. ONTBINDING

Wanneer 'n streek nie meer funksioneer nie, moet die betrokke Gebiedsbestuur toesien dat die voorskrifte in verband met ontbinding soos in hoofstuk veertien (14) van die Reglemente omskryf, nagekom word.